JULIE / AUGUSTUS 2017

"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

Geroep om te Dien

## VOLKOME OORGAWE - DEEL 2

Masasuke (Masa) Nakahara is 'n eiendomsagent wat ontnugter is deur die lewe. Toe ontmoet hy eendag vir Sayoko. Sy was 'n Christen en sy het hom genooi om saam met haar kerk toe te gaan.

"Nadat ek vir 'n paar jaar kerk toe gegaan en Bybelstudie gedoen het, het ek besef dat ek nie meer nodig het om 'n lewe van onsekerheid en desperaatheid te leef nie," het Masa gedeel. "Al wat ek hoef te doen, was om alles aan Jesus oor te gee. Hy sou my reinig van al my sondes en my help om 'n nuwe en betekenisvolle lewe te lei, wat in ooreenstemming sou wees met die ware doel waarvoor God my geskape het.

Nadat ek my hart in 1965 vir die Here gegee het, het ek my moeder vertel dat ek 'n Christen geword het en dat ek met 'n Christenmeisie wil trou. Terwyl my liefde vir Sayoko gegroei het, het ek besef dat sy my sal kan help om die Here in my werk en gesinslewe te verheerlik.



*Masasuke (Masa) & Sayoko Nakahara*

Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY

7-40 MONZEN CHO
IKOMA CITY, NARA KEN
630-0266, JAPAN
Tel: 0081-743731754
Faks: 0081-743731681

POSBUS 30106
WONDERBOOMPOORT 0033
Tel: (012)377-1533
083 719 0227
Faks: (012)377-1533

www.japanmission.org sa@japanmission.org
www.facebook.com/japanmission.jm/

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

Terwyl ons hierdie sake bespreek het, was Sayoko se ouers, wat ook Christene was, diep besorg. 'n Eiendomsagent was die allerlaaste persoon met wie hulle wou hê hulle dogter moes trou, aangesien baie van hulle deel het aan oneerlike transaksies. Na baie gebed en gesprekke het hulle uiteindelik hulle toestemming gegee.

Sayoko het later gedeel: "Toe ons getrou het, was 'n klomp mense bekommerd, omdat eiendomsake ons maklik kon weghou van ons wandel met die Here. Terwyl ek gebid het oor 'n huwelik met Masa het die Here my die volgende Bybelvers gegee: ***Kyk Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring*** (Jes. 43:19). Ek het besef dat God 'iets nuuts' gaan doen en 'n 'pad gaan maak' vir ons om sy Naam te verheerlik, wat ook al die omstandighede."

Masa het verder vertel: "Ons het besluit om 'n stap in geloof te neem en is getroud in Oktober 1966. Ons het elke oggend saam gebid en Bybel gelees.

'n Paar maande na ons troue het ons met 'n eiendomsagentskap begin, naamlik ***Glory Housing***. My broer het ook saam met ons kom werk. Sondae was een van die besigste dae van ons sakeonderneming, maar ons het besluit om die eerste Sondag van elke maand nie sake te doen nie, sodat ons die oggenddienste kon bywoon. Ons het die ander Sondae die aanddienste bygewoon.

Die Here het gou vir ons gewys dat ons Hom nie ten volle vertrou nie, omdat ons nie bereid was om elke Sondag te sluit nie. Toe ons hierdie geloofstap neem, was my broer so daarteen gekant dat hy besluit het om die onderneming te verlaat en terug te keer na ons ouerhuis.

Toe ek 'n Christen geword het, het ek een groot probleem gehad, naamlik dat almal van my as oudste kind verwag het om met die familienaam se verantwoordelikhede voort te gaan. 'n Deel van hierdie verantwoordelikheid het ingesluit om die grafte van my voorsate te besoek, te bid en wierook te brand. Ek het gewoonlik saam met my vader gegaan en sonder uitsondering op 15 Januarie elke jaar hierdie tradisie voortgesit.

Nadat ek 'n Christen geword het, het ek daaroor gebid en openhartig aan my vader verduidelik dat ek nie langer kon voortgaan met hierdie tradisie nie. My pa was verbaas oor hoe my lewe so geheel en al verander het. Hy het gesê: 'Ek kan sien dat hierdie die ware en lewende God is', en het toe besluit om die nabygeleë kerk by te woon om meer uit te vind oor hierdie God wat sy seun so radikaal verander het.

Na 'n ruk het beide my vader en moeder besluit om Jesus te volg. Die Here het hulle harte wonderbaarlik verander toe hulle besluit het om Jesus Christus die Here van hulle lewe te maak. Twee jaar nadat ek gered is, is my vader (80 jaar oud) en my moeder saam gedoop!

My jonger broer wat daarteen gekant was dat ons Sondae nie werk nie, het begin om dieselfde kerk as my pa by te woon en is toe ook gered! Hy het toe weer vir ons sakeonderneming begin werk.

Sedertdien het ons besluit om ons dag by die werk met gebed en Skriflesing te begin. Aan die begin van elke maand laat ons al ons werknemers bymekaarkom en nooi dan die predikant van ons kerk om te kom en ons te bedien met 'n kort Bybelles en gebed.

Die Here het gesien hoe ons met klein treetjies in ons geloof vorder om Hom te verheerlik met ons sakeonderneming. My derde jongste broer het ook vir ons kom werk. Maar na 'n ruk het hy vir ons gesê hy kon nie langer vir ons werk nie, want ons sakeonderneming is gesluit op Sondae. Kort daarna het hy 'n evangeliese byeenkoms bygewoon en toe die besluit geneem om Jesus te volg. Hy het die Bybel begin lees en die Here gesoek. In April 1973 is hy gedoop. Tans dien hy saam met my as ouderling van ons kerk."

Sayoko wat verantwoordelik is vir die finansies van ***Glory Housing*** het onlangs gedeel: "Daar was verskeie geleenthede wat ek gekyk het na die verkoopsyfers en gewonder het of ons gaan deurkom, maar die Here het ons altyd geseën.

Ek onthou 'n bepaalde keer baie duidelik tydens EKSPO 1970 toe baie mense Osaka besoek het en ons vir omtrent ses maande baie betrokke was by evangeliese byeenkomste. Ons onderneming het nie goed gedoen nie, omdat ons vyf dae per week baie besig was met uitreik. Na die reeks byeenkomste verby was, is die huise die een na die ander een verkoop. Ons het besef dat die Here ons getoets het en nou sien ons hoe Hy ons seën ooreenkomstig sy perfekte tydsberekening!"

Japansending het baie onderhandelings met ***Glory Housing*** gehad. Dit was van onskatbare waarde om die afgelope jare 'n betroubare Christelike sakeonderneming te hê wat ons gedurende ingewikkelde eiendomsonderhandelinge kon verteenwoordig.

***Bid asseblief*** vir wysheid, beskerming en seën vir ***Glory Housing***, terwyl hulle met baie opofferinge voortgaan om die Christengemeenskap te dien.

## PERSONEELOPDATERING -

### MNR. CABALLES

Japansending gaan voort om mnr. Caballes te ondersteun, wat 'n hospitaalevangelis is op die eiland Mindanao in die suidelike deel van die Filippyne. Hy preek, deel die evangelie met pasiënte in die plaaslike hospitale en evangeliseer die mense van die bergstamme.

Ons het onlangs berigte gekry van oproer en geweld wat gevoer word deur 'n groep Moslemoproeriges van naburige dorpe. Mnr. Caballes het onlangs gerapporteer: "Ons ondervind al hoe meer moeilikheid as gevolg van ons

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING* teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**■ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**■ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 18/4/2017, 20/4, 21/4, 4/5, 8/5, 16/5, 20/5, 22/5, 23/5, 1/6, 2/6, 17/6, 20/6.**

**ABSA BANK:- 18/4, 19/4 Tzaneen, 26/4, 28/4 Bybels, 30/4, 1/5, 2/5 NLM, 2/5, 8/5 Pretoria, 13/5, 14/5 Bela-Bela, 15/5, 16/5, 26/5, 29/5 Bybels, 1/6, 2/6 NLM, 2/6, 5/6 Bela-Bela, 14/6, 15/6, 17/6, 18/6/2017.**

**■ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**


**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***



***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***


politieke leiers, ontvoerings, dwelms en oorlog. Desnieteenstaande het ons nie ons vasberadenheid verloor om te bly vertrou en die Here te dien nie."

***Bid asseblief*** vir beskerming vir mnr. Caballes en sy gesin. ***Bid*** dat die Heilige Gees sal aanhou om vir mnr. Caballes die moed te gee om onverskrokke die evangelie te verkondig te midde van baie moeilike omstandighede.



*Mnr. Caballes*

## BEHOEFTE AAN ENGELSE ONDERWYSERS

Japansending het 'n behoefte aan Engelse spreektaalonderwysers. Baie van die ongereddes wat normaalweg nie kerk sou bywoon nie, kom om die Engelse spreektaal te leer en vriende te maak met buitelanders. Elke Engelse klas eindig met Bybeltyd en 'n geleentheid om vriendskappe te sluit oor 'n koppie groentee. Baie het begin kerk toe gaan en begin om die Here te leer ken deur hierdie geleenthede. ***Bid*** dat die Here goed gekwalifiseerde en ervare onderwysers sal voorsien.

## VERTALERS - VAN ENGELS NA AFRIKAANS

Japansending benodig 'n vrywilliger wat kan help met vertalings van Engels na Afrikaans. Hierdie werk kan by die huis gedoen word as die persoon toegang tot 'n rekenaar het.

## PERSONEELOPDATERING - SUNETTE HUGO

Ons prys die Here vir die verskil wat die werkers van Japansending in staat is om te maak in baie se lewens. Ons is geseën met 'n span werkers wat goed gekwalifiseer en toegewy is aan die Here. Hierdie dinge, saam met die getroue gebede van baie, gaan voort om ons te help om 'n impak te maak vir die evangelie.

Sunette Hugo het in Februarie 2007 by ons aangesluit as 'n kantoorwerker en Engelse evangeliese onderwyser. Sy het vir baie jare getrou die saad gesaai. **Sy het onlangs die vreugde ervaar van die geboorte van tweelingkleinseuns in Junie 2017! Prys die Here!** Sunette gaan in Augustus na Suid-Afrika vir 'n kort besoek aan haar familie, voordat sy weer terugkeer om te dien in Japan.



*Sunette Hugo*

As gevolg van Sunette se ouderdom en probleme met haar rug, voorsien die Japannese gesondheidsdienste vir haar 'n versorger wat een maal per week na haar huis toe kom om te help stofsuig en skoonmaak. Miwa is onlangs aan haar toegewys vir hierdie diens. Terwyl sy gewerk het, het sy aan Sunette vertel dat haar ouma 'n Christen is en dat sy daaraan dink om ook 'n Christen te word. Sunette het haar aangemoedig en vir haar gesê: "Dit is die belangrikste besluit wat jy in jou lewe kan maak."

Kort daarna het Miwa opgewonde gedeel hoe sy die kerk bygewoon en Jesus as haar Verlosser aangeneem het! Sunette het haar spontaan omhels en gesê: "Jeus is ons Vriend en jy kan met Hom praat en tot Hom bid enige plek en enige tyd." Sy het toe vir haar 'n gesangeboek gegee en Johannes 14:6 daarin geskryf: ***Jesus het geantwoord: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."***

Ons streef daarna om 'n weerspieëling van Christus te wees vir die ongeredde mense. Ons prys die Here dat dit vir Miwa moontlik was om Christus in Sunette te sien en dat sy vir Miwa kon bemoedig het om haar vertroue in die Redder te plaas! ***Bid*** vir Miwa wat met haar wandel met die Here begin het en vir wysheid vir Sunette wanneer hulle elke week saamwerk. Mag God Sunette help om haar tyd wyslik te gebruik om vir hierdie baba in Christus waarlik tot seën te kan wees.

Ons waardeer u voortdurende gebede vir die span werkers by Japansending opreg - baie van hulle bly ver van hulle geliefdes en dien die Here met baie opoffering. Ons is deeglik bewus daarvan dat u gebede 'n belangrike rol speel om ons te help om vordering te maak vir die koninkryk. ***Bid*** vir ons volgehoue gesondheid, beskerming, bemoediging en geestelike groei.

Facebook - Ontvang opdatering van die evangeliebediening, lofprysing en gebedsversoeke by:
**www.facebook.com/japanmission.jm**
Youtube - Kyk na onlangse video's van die evangeliebediening van Japansending by:
**www.youtube.com/user/thejapanmission**